
CHRISTELIKE UITGEWERSMAATSKAPPY
*Uitgewer van hoogstaande publikasies*

# God was dáár ...

## Verhale van bekendes en ander oor wonderwerke wat hulle lewens verander het




'n Mens vra so maklik: "Waar is God?" Veral wanneer jy seer het, of bang of paniekerig voel ... En dikwels besef mense eers agtená: "Maar God was regtig dáár!"

***God was dáár ...*** is saamgestel deur bekende TV- en radio-persoonlikheid Benescke Janse van Rensburg. In hierdie inspirerende boek sal lesers hoendervleis kry wanneer hulle die meer as 80 verhale lees. Bekendes én ander mense in Suid-Afrika vertel van daardie aangrypende oomblikke wat hulle lewens verander het.

***God was dáár ...*** vertel die geloofsverhale van bekende Suid-Afrikaners uit TV-, sang- en sportkringe insluitend Michael Mol, Andries Enslin, Juanita du Plessis, Sorina Erasmus, Retah McPherson, Retief Burger, Jannie du Plessis en Allister Coetzee.

***God was dáár ...*** sal elke leser laat besef dat God juis daar is wanneer hulle Hom die nodigste het.

**Spesifikasies:**

| | |
|---|---|
| **ISBN:** | 978-1-4316-0829-4 |
| **Prys:** | R149,95 |
| **Vrystellingsdatum:** | Februarie 2014 |
| **Kategorie:** | Christelike leefwyse |
| **Teikenmark:** | Algemeen |
| **Formaat:** | 150 x 220 mm |
| **Bladsye:** | 280 |
| **Omslag:** | Sagteband |

### Kort kopie

'n Mens vra so maklik: "Waar is God?" Veral wanneer jy seer het, of bang of paniekerig voel ... Vind inspirasie in meer as 80 geloofstories van bekende én ander mense in ons land wat vertel van aangrypende oomblikke wat hul lewens verander het. Lees in ***God was dáár ...***, deur bekende TV- en radio-persoonlikheid Benescke Janse van Rensburg, die ongelooflike verhale van mense soos Michael Mol, Andries Enslin, Juanita du Plessis, Sorina Erasmus, Retah McPherson, Retief Burger, Jannie du Plessis en vele meer wat jou na jou asem sal laat snak.

### Oor die outeur



**Benescke Janse van Rensburg** het aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Sy het 'n BA-graad, 'n onderwyssertifikaat en 'n honneurs- en meestersgraad in Joernalistiek verwerf. Sy het haar loopbaan in die radio-bedryf begin as programkoördineerder en aanbieder by Radiokansel. Sy is vandag betrokke by Radio Tygerberg en is ook programaanbieder op kykNET. Verder is Benescke een van die skrywers vir die "Vers-'n-Dag"-elektroniese dagstukkies wat daagliks na meer as 80 000 intekenare oor die hele wêreld uitgestuur word. Sy skryf ook vir verskeie geestelike en inspirasietydskrifte en tree gereeld as motiveringspreker op. Sy is getroud met Johannes, 'n biokinetikus wat sy eie praktyk in Bellville besit, en hulle het reeds met 'n gesin begin.

### Unieke verkooppunte

- Saamgestel deur 'n bekende TV- en radio-persoonlikheid
- Meer as 80 ware verhale van bekendes én ander mense in Suid-Afrika